Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 MEI 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Chetty, Y S (TPICO)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom raadslede, amptenare en die pers.

Ds F Claassen van die Malmesbury Nederduitse Gereformeerde Moedergemeente open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, F S Humphreys en B W Geel.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

3.1 OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE VIR GETROUE DIENS: SWARTLAND MUNISIPALE AMPTENARE

Staan oor.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 MAART 2016

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Maart 2016 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 16 MAART 2016
Saamgelees met
NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 3 MAART 2016

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 FEBRUARIE 2016

6.2 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 19 APRIL 2016

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 OORNAME VAN BATES: WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (2/1/1/2/1, 16/1/1B)

Die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) was voor 2003 verantwoordelik om water te verskaf aan die betrokke B-munisipaliteite. Die Departement van Waterwese het egter op 13 Junie 2003 die B-munisipaliteite aangestel as die Waterdienste Owerheid (WSA). Gevolglik het die verantwoordelikheid van watervoorsiening verskuif vanaf die WKDM na B-munisipaliteite. Hierdie aanstelling het beteken dat alle bates, laste en personeel wat gemoeid is met die suiwering en verspreiding van water ook oorgeplaas moes word na die B-munisipaliteite, maar dit het nie plaasgevind nie.

Die gevoel was dat die diens effektief deur die WKDM gelewer word en is 'n artikel 78-ondersoek ingevolge die Munisipale Stelselswet gevolg om die WKDM as die Waterdienste Verskaffer (WSP) aan te stel en is 'n diensleweringsooreenkoms tussen die betrokke munisipaliteit gesluit. Die diensleweringsooreenkoms verval op 30 Junie 2016 en is dit belangrik om by wyse van 'n addendum die kontrak te verleng om volgehoue dienslewering te verseker.

Die "*Municipal Transfer Regulations*" wat in 2008 afgekondig is bepaal egter dat die waterskemas ontbondel moet word en oorgedra word aan die B-munisipaliteite. In hierdie verband het die WKDM reeds opdrag gekry om voort te gaan met die proses van bate-ontbondeling en -verdeling.

Besluit/...

8.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die aangaan van die addendum vir die volgehoue dienslewering tussen Weskus Distriksmunisipaliteit, Bergrivier en Saldanha, goedgekeur vir 'n verdere tydperk van een jaar, met ingang van 1 Julie 2016 en eindigend op 30 Junie 2017.

8.2 AANVAARDING VAN DIE VERORDENINGE INSAKE (1) MURE EN HEININGS EN (2) BESTUUR VAN PARKERING (1/1)

Die aangehegte verordeninge is op 31 Maart 2016 aan die Raad vir beginsel-goedkeuring voorgelê ten einde 'n publieke deelnameproses te deurloop.

Geen kommentaar of insette is vanaf die publiek op die konsep verordeninge ontvang nie.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring deur die Speaker en beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat die verordeninge insake (1) Mure en Heinings en (2) Bestuur van Parkering aanvaar word;

(b) Dat die verordeninge in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

8.3 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die aanhangsel tot die sakelys bevat die wysigings en toevoegings ten opsigte van die 5de hersiening van die Stelsel van Delegasies – wat ook aan die 4de Swartland Munisipale Raad op sy 1ste vergadering na die Plaaslike Verkiesings voorgelê sal word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die wysigings aan die Register van Delegasies goedgekeur word soos per Aanhangsel A tot die verslag;

(b) Dat die delegasies in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeheer, 15 van 1985 onttrek en vervang word met die delegasies uit hoofde van die nuwe *Land-Use Planning By-law*[1] soos afgekondig op 3 Julie 2015 en soos ook vervat in Aanhangsel A;

(c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die munisipale bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Delegasieregister.

8.4 ONDERSOEKE NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

'n Komitee is ingestel om alle ondersoeke na vrugtelose en verkwiste uitgawes in terme van artikel 32 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003 te onderneem.

Die verslag bevat inligting oor die gevalle wat die afgelope tyd ondersoek was, sowel as die uitslag van die ondersoeke en word breedvoerig deur die Munisipale Bestuurder toegelig.

[1] Slegs in Engels uitgegee

8.4/...

Op navraag van rdl D B Philander ten opsigte van die oorsigrol wat vervul moet word om hierdie oortredings te voorkom, verduidelik die Munisipale Bestuurder dat daar in sommige gevalle ook dissiplinêr teen die toesighouer opgetree word, aangesien verantwoordelikheid ingevolge die TASK-stelsel nie afgewentel kan word nie.

Die aangeleentheid is op 11 April 2016 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê, vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die Rekords van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsels A tot hierdie verslag m.b.t. die vrugtelose en verkwiste uitgawes rakende die betaling van die volgende:

(i) Regskostes aangegaan vir stappe geneem vir wanbetaling van munisipale rekening;
(ii) Bybetaling aan versekeringsfirma vir die herstel van fotostaatmasjien; en
(iii) Bybetaling aan versekeringsfirma vir die herstel van voertuig.
(Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die kantoor van die Bestuurder, Interne Oudit)

(b) Dat die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aanhangsels A tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word.

8.5 VOORGESTELDE GRONDRUILTRANSAKSIE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT/MNR A R PARKER (12/2/1-8/10)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat as deel van die RSEP (*Regional Socio-Economic Programme*) daar beoog word om aktiwiteitsnodes en voetgangersroetes op strategiese plekke te vestig.

Erf 2720, wat op die h/v Alfa- en Roosstraat, Malmesbury geleë is, is geïdentifiseer as 'n area om 'n RSEP-aktiwiteitsnodes te vestig, maar ook om voetgangerverkeer daaroor te kanaliseer. Die Munisipale Bestuurder doen 'n visuele voorlegging van die voetgangersroete wat beplan word wat sal strek vanuit Darlingweg, via Abattoirstraat, oor erf 2737, oor 'n gedeelte van die sportgronde, langs Roosstraat, oor erf 2720 om by Alfastraat aan te sluit.

Erf 2720, Malmesbury behoort tans aan mnr A R Parker en is daar met hom in gesprek getree oor die moontlikheid om erf 2720 te ruil met erf 2726, wat die eiendom van die Munisipaliteit is.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die Verordening insake Oordrag van Kapitale Bates (PK 7394 gedateer 22 Mei 2015) dat die volgende grondruiltransaksie met mnr A R Parker aangegaan word:

Grond behorende aan mnr A R Parker:
- Erf 2720, Malmesbury (± 1038 m² groot)

in ruil vir erf 2726, Malmesbury (± 1050 m² groot), synde grond behorende aan die Munisipaliteit;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat daar in hierdie geval van die mededingsproses soos vervat in die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates afgewyk word, en die transaksie deur direkte onderhandeling gefinaliseer word, gegewe die Raad oortuig is dat die transaksie buitengewone voordele vir sowel die munisipaliteit as die gemeenskap inhou, deurdat privaatgrond nie aangekoop hoef te word om ‘n aktiwiteitsnodus te skep as deel van die RSEP-program nie;

(c) Dat die/...

8.5/...

(c) Dat die voorgenome ruiltransaksie geadverteer word vir publieke kommentaar en/of beswaar, en belanghebbendes genooi word om teenvoorstelle te maak;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om te mag handel, in oorlegpleging met die uitvoerende burgemeesterskomitee, met enige besware en/of teenvoorstelle wat ontvang word;

(e) Dat die ruilooreenkoms en transport deur die raadsprokureur behartig sal word, en dat alle koste wat uit die transaksie mag voortspruit, deur die Munisipaliteit gedra word.

8.6 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN PLAAS 824, KALBASKRAAL (15/3/1, 12/2/B)

Die Speaker versoek die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die aangeleentheid toe te lig by wyse van 'n visuele voorlegging.

Me M S Terblanche verduidelik dat erf 707 een van ses erwe is wat ontstaan het uit die onderverdeling van erf 197, Kalbaskraal.

'n Aansoek is ontvang via die kantore van CK Rumboll en Vennote namens die eienaar, mnr P J Hugo, van erf 197, Kalbaskraal om Gedeelte A, groot ±1171 m², van 'n gedeelte van die Restant Plaas 824, Kalbaskraal aan hom te vervreem vir konsolidasie met sy erf 707, as synde 'n onderverdeelde gedeelte van erf 197.

Gedeelte A is 'n gruispad wat, by konsolidasie met gemelde erf 707, die eienaar in staat stel om toegang te skep tot sy eiendom.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat Gedeelte A (groot ± 1171 m²) van die Restant Plaas 840, Kalbaskraal (soos aangetoon op Aanhangsel A tot hierdie verslag) uit-die-hand uit aan mnr P J Hugo (die eienaar van erf 197, Kalbaskraal) vervreem word vir konsolidasie met erf 707, Kalbaskraal, en wel teen R11,00/m², BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat Gedeelte A as Vervoersone 2 gesoneer is, en as onopgemaakte padgedeelte in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:

(i) Gedeelte A as ‘n ‘nie-bestaanbare bate’ nie op sy eie of as ’n afsonderlike entiteit ontwikkel kan word nie en slegs funksioneel raak indien dit vervreem of verhuur word aan ’n aangrensende eienaar vir gebruik tesame met sy of haar eiendom;
(ii) Die eienaars van die enigste ander aangrensende eiendom, te wete erf 198, Kalbaskraal bevestig het dat hulle nie belangstel om eienaarskap te bekom van die betrokke padgedeelte nie;
(iii) Die vervreemding van die betrokke padgedeelte en die konsolidasie daarvan met erf 707 ‘n sinvolle oplossing bied om toegang tot erf 707, Kalbaskraal te skep.

(d) Dat oordrag van Gedeelte A nie sal geskied alvorens die koper op eie koste die toepaslike grondgebruiksprosesse in terme van die Verordening op Grondgebruiks-beplanning (straatsluiting, hersonering en onderverdeling) suksesvol deurloop het nie, en dat hy ook verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragskostes en die kostes van konsolidasie;

(e) Dat die/…

8.6/…

(e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die uitvoerende burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van mnr P J Hugo bekom word dat hy tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag, instem.

8.7 VERVREEMDING VAN GEDEELTE VAN ERF 551, DARLING AAN DARLING ROMERY (12/1/4-3/1)

Die Raad het in Januarie 2014 goedkeuring verleen vir die vervreemding van 'n gedeelte van erf 551, Darling aan Darling Romery – onderhewig daaraan dat lg. 'n skriftelike ooreenkoms met Transnet Soc Ltd moet aangaan om toegang tot die agt woonhuise op die aangrensende eiendom van Transnet te formaliseer.

Die koper kon tot dusver nie daarvan slaag om die spooroorgag te formaliseer nie, en kon registrasie van transport gevolglik nog nie plaasvind nie.

Die koper het egter via die kantore van CK Rumboll en Vennote aangedui dat as oplossing 'n serwituut reg van weg oor sy eiendom geregistreer mag word as toegang tot die bestaande spooroorgang. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste illustreer visueel aan die Raad waar die serwituut van reg van weg beoog word.

Daar sal egter voortgegaan word om 'n alternatiewe spooroorgang met Transnet te onderhandel, wat nie 'n las op Darling Romery se grond sal plaas nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl J H Cleophas)

(a) Dat kennis geneem word dat die oordrag van ‘n gedeelte (groot ± 2,0697 m²) van erf 551, Darling wat aan Darling Romery vervreem staan te word, nog nie kon realiseer nie, aangesien die koper tot dusver onsuksesvol was in sy onderhandelinge met Transnet om 'n spooroorgang te bewerkstellig wat nie die eiendom raak nie;

(b) Dat die Raad sy besluit herroep dat oordrag van die eiendom weerhou word hangende die skep van ‘n alternatiewe spooroorgang by ooreenkoms met Transnet, en in die plek daarvan goedkeuring verleen vir die registrasie van ‘n serwituut oor die eiendom van die koper, soos voorgehou in **Aanhangsel A**, ten einde oordrag te kan bewerkstellig;

(c) Dat enige alternatiewe spooroorgang wat die koper wel in die toekoms met Transnet sou onderhandel, onderhewig sal wees aan goedkeuring deur die Munisipaliteit.

GETEKEN:
SPEAKER